

Albei blink eenders

Die een bestuur 'n groot ysterertsmaatskappy en die ander maak die kunste vir mense toeganklik. Wat het hierdie twee uitblinker-alumni in gemeen? AMANDA MATTHEE het gaan vra.



Ras Myburgh



Marlene le Roux

Albei het verlede jaar die USB se Alumnus van die Jaar-toekenning ontvang. Die een is Ras Myburgh, uitvoerende hoof van Kumba Iron Ore, wat sy MBA aan die USB in 2000 behaal het. En die ander een is Marlene le Roux, direkteur van Ontwikkeling by Kunstekaap, wat USB-BO se Bestuursontwikkelings-program in 2002 en Senior-bestuursprogram in 2003 gevolg het.

Vertel my van jou werk.

R RAS Kumba, wat sowat 32 miljoen ton ystererts per jaar produseer, is een van die Top 40 maatskappye wat op die JSE genoteer is en die enigste een wat suiwer op ystererts fokus. 'n Deel daarvan word na staalvervaardigers in Europa, China en Japan uitgevoer en die res word plaaslik aan Mittal Suid-Afrika verskaf. As uitvoerende hoof is ek verantwoordelik vir doeltreffende bestuur en leiding, en moet ek maksimum waarde vir die aandeelhouers en belangegroepes skep. Die eerste uitdaging ná die ontbondeling en notering van Kumba in November 2006 was om die organisasie te stabiliseer. Nou lê daar opwindende groeigeleenthede voor – soos die uitbreiding van die Sishen-myn en onderhandelinge met Transnet oor die uitbreiding van die Sishen-Saldanha-spoorlyn.

m MARLENE Ek glo die kunste het die vermoë om brûe te bou. Die projek – *Neem die teater na die mense* – lê my baie na aan die hart. Die doel daarvan is om nuwe gehore te ontwikkel. Só het ek al die teater met sy tegniese span, opera, ballet, orkes en 'n Afrika-musiekensemble na Vredendal, Wellington en Saron geneem. In Saron het 4 000 mense vir die

eerste keer 'n ballet ervaar. Dit was 'n hoogtepunt in my loopbaan. Ek het die hoop op kinders se gesigte gesien toe een van Saron se boorlinge, wat nou deel van ons dansgeselskap uitmaak, op die verhoog verskyn. Ek is ook verantwoordelik vir onder meer personeelbestuur en befondsing vir die kunste. Dit is belangrik dat die kunste as ekonomies lewensvatbaar gesien word en dat dit werk op die verhoog sowel as agter die skerms skep.

Wat maak jou werk vir jou die moeite werd?

R RAS Om 'n verskil te maak, en om te sien hoe die potensiaal van die besigheid en sy mense ontwikkel. Kumba is geseënd met bekwame mense wat uitdagings aangryp. Ek geniet die interaksie met hulle die meeste.

m MARLENE Ek beleef die wonder van die nuwe Suid-Afrika. Elke dag ervaar ek hoe mense van uiteenlopende agtergronde aan 'n produksie werk en hoe dit verdwyn soos hulle nader aan die eindresultaat kom. Dan sien jy die mens sonder die bagasie.

Wat beteken die Alumnus van die Jaar-toekenning vir jou?

R RAS Ek voel uiteraard gevlei, maar terselfdertyd weet ek dat die eer en dank die Skepper toekom.

m MARLENE Ek het in Oktober 2001 geboorte geskenk aan 'n pragtige seuntjie, Adam, wat totaal verlam en blind is. Om fokus te kry, het ek besluit om te begin studeer. Vir my was die toekenning baie *humbling*.

Hoe help jou kwalifikasie jou vandag in jou werk?

R RAS
Al het ek meeste van my studeerwerk en take nou nie juis mooi verspreid deur die jaar volgehou nie, het ek ongelooflik baat gevind by die lesings en groepsessies. Ek het baie van myself geleer en my leierskapstyl is beslis ook hierdeur gevorm. Een van die belangrikste leerervarings vir my as analitiese ingenieur is dat 'n diverse span in baie opsigte beter as 'n homogene span presteer.

m MARLENE
Die kursusse het my baie gehelp om mense te bestuur. Veral die modules van Menslike Hulpbronne was baie prakties.

As jy vandag 'n bestuurskursus kan saamstel, waarop sal jy klem lê?

R RAS
Leierskap en veranderingsbestuur.

m MARLENE
Ons moet meer besoeke by groot maatskappye aflê en meer aan werklike gevallestudies blootgestel word. Jy kan al die planne in die wêreld hê, maar as jy nie ander kan lei nie kan jy nie jou maatskappy vorentoe neem nie. Ek sal dus die klem op leierskap plaas.

Watter raad sal jy aan iemand aan die begin van sy loopbaan gee?

R RAS
Kry vroegetydig voldoende blootstelling en ervaring in verskeie rigtings. Gryp enige taak met entoesiasme aan en leer selfs uit die eenvoudigste take.

m MARLENE
Luister na raad. Kyk rondom jou en neem in. Moenie dink jy gaan alles verander as jy by 'n maatskappy begin nie. Ander sal in jou glo as jou werksetiek reg is.

Watter stukkie raad, wat iemand aan jou gegee het, volg jy vandag nog?

R RAS
Moet nooit ophou leer nie.

m MARLENE
My ouma het altyd gesê: 'My kind, daar was altyd iemand voor jou. Moenie dink jy is te groot vir jou skoene nie.'

Wat doen jy vir ontspanning?

R RAS
Ek geniet dit om saam met my vrou te gaan stap en golf saam met my seuns te speel (hulle klop my meestal). Ek beoefen ook boogskiet.

m MARLENE
Ek hou van swem en dans. Omdat ek polio as kind opgedoen het, moet ek na my gesondheid omsien. As ek Kunstekaap se portaal verlaat, is ek net 'n ma vir my twee kinders. □

Develop yourself
Develop others
Develop Africa

A world of options. One choice.

Master's Degree in Development Finance (MDevF)

Join us in growing Africa with the backing of a unique development finance qualification!

The first of its kind in Africa, the **Master's in Development Finance (MDevF)** emphasises the development needs of Africa. It gives a thorough understanding of the special challenges of finance in developing countries. This qualification equips you with the skills to make a meaningful contribution to policy formulation and implementation in this field.

From 2008 we offer TWO MDevF programmes!

These accredited programmes are presented in 4 blocks of 2 weeks each over 2 years. Both programmes start in August 2008. Applications close on 30 April 2008.

- 1 At our USB campus in Bellville, Cape Town (all 4 blocks) - contact Marie Willows on +27 21 918 4323; usbcom@usb.ac.za; www.usb.ac.za/mdevf
- 2 In Lagos, Nigeria (2 blocks in Lagos and 2 blocks at the USB in Bellville, Cape Town) - contact Tope Toogun of Accelerated Learning Systems, Lagos, on +234 1 792 9664/8938818 or +234 8033136294; tktoogun@yahoo.com; www.usb.ac.za/nigeria